21.6 RAPPORT DEPUTATE LEERSTELLIGE SAKE : BYVOEGING BY DOOPSFORMULIER (Artt 95, 202)

A. Dr N Vorster lewer die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Leerstellig 2.
C. Ds L du P van der Vyver rapporteer namens die Kommissie Leerstellig 2.

D. **RAPPORT**

1. Opdrag

(Acta 2006:539)

"Besluit

1. Daar word gevolg gegee aan die Beskrywingspunt deurdat aan die Deputate Leerstellige Sake opdrag gegee word om die voorgestelde byvoeging tot die Doopsformulier te ondersoek en die volgende Sinode daaroor te adviseer.
2. Opdrag aan die te benoemde Deputate
   a. Indien dit uit die studie sou blyk dat die byvoeging tot die bestaande Doopsformulier moontlik is, kan die te benoemde Deputate terselfdertyd voortgaan met die opstel van ('n) sodanige konsep Doopsformulier om dit saam met die studieresultate voor te lê aan die volgende Nasionale Sinode.
   b. Sodanige konsep-Doopsformulier moet binne die raamwerk van Skrif, Belydenis en Kerkorde wees.
   c. Om in die lig van die verhoogde verbondsbetrokkenheid van die gemeente in die voorgestelde formulierbyvoeging aan Kerkrade leiding te gee oor wat die gemeente se 'te help onderrig' in die praktyk sou kon beteken".

Besluit: Kennis geneem.

2. Interpretasie van opdrag

2.1 Die swaartepunt van die opdrag is daarin geleë om die voorgestelde byvoeging tot die Doopsformulier te ondersoek en die volgende Sinode daaroor te adviseer. Die vraag is dus of sodanige byvoeging teologies regverdigbaar, kerklik noodsaaklik en prakties uitvoerbaar is.

2.2 Indien sodanige byvoeging moontlik is moet voortgegaan word met die opstel van 'n konsep Doopsformulier wat die formulering bevat, en dit moet saam met die studieresultate aan die volgende Nasionale Sinode voorgehou word.

2.3 Die konsep Doopsformulier moet binne die raamwerk van Skrif, Belydenis en Kerkorde wees.

2.4 Onder die begrip 'verhoogde verbondsbetrokkenheid' word verstaan dat bedoel word dat die gemeente nie net passiewe toeskouers by die doop moet wees nie. Die gemeente het as verbondsvolk die plig om leiding te gee aan die verbondskinders. Die voorstel is dat die Doopsformulier die gemeente tot 'n groter mate moet probeer betrek by die doop deur die gemeente te wys op hulle plig jeens verbondskinders.

2.5 Indien die byvoeging voorgestel word moet Kerkrade leiding gegee word oor die praktiese implikasies van hierdie formulierbyvoeging.

2.6 Die aangewese werkswyse blyk die volgende te wees:

2.6.1 Om na aanleiding van die ter sake Beskrywingspunt teologiese ondersoek in te stel 1) na die implikasies van die verbondsvolk se onderlinge verbondenheid met mekaar vir die doop, en 2) die karakter en wenslikheid van eedswering.

2.6.2 Om te besin oor die noodsaaklikheid van so 'n byvoeging.

2.6.3 Om te besin oor die praktiese uitvoerbaarheid van 'n byvoeging

2.6.4 Indien voorgestel word dat so 'n byvoeging teologies regverdigbaar, kerklik noodsaaklik en prakties uitvoerbaar is moet leiding aan Kerkrade oor die praktiese implikasies van hierdie byvoeging gegee word.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.6.4.

3. Teologiese beoordeling

3.1 *Die gemeenskapskarakter van die verbond*

Die doop is teken en seël van die verbond wat God met die mens sluit. Die verbond het ‘n sterk gemeenskaplike karakter. Dit blyk uit God se verbondsluiting met Abraham waar God se beloftes ook aan die nageslag van Abraham toegesê word: “Ek bring ‘n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is ‘n blywende verbond. Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag” (Gen 17:7).

Die Abrahamitiese verbond vorm die kern en grondslag van die Sinaïtiese verbond (Van Genderen en Velema,1992:506). Die nageslag van Abraham met wie God ‘n verbond sluit word God se volk genoem (vgl Jer 11:4, Eseg 11:20). Hulle het hulle ontstaan te danke aan die uitverkiesende optrede van God, en is daarom in die eerste plek ‘n geloofsgemeenskap, en nie ‘n kulturele entiteit in ‘n nasionale politieke sin nie. Dit blyk ondermeer uit die feit dat Israel nie *gôj jhwh* genoem word nie, maar *ᶜam jhwh* (Helberg, 1990:16, Heyns, 1978:218). In die Nuwe Testament roep Christus die kerk in aansyn om die nuwe verbondsvolk van God te wees (Matt 16). Die Nuwe-Testamentiese kerk word soos die Ou-Testamentiese verbondsvolk deur God self regeer. Christus is die Hoof van die kerk (Efes 4:15), Hy rus gelowiges toe deur ampte aan die kerk te gee (Efes 4:11), Hy gee deur die Gees gawes aan die kerk (1 Kor 12:1-5), dissipline word in sy naam uitgeoefen (1 Kor 5:4), die kerk ontvang die tekens van die verbond en die kerk word as God se volk vir diens aan God afgesonder (vgl Luk 1:17, Hand 15:17, Matt 28:19, 2 Kor 6:16).

Die verbond veronderstel dat die kinders van die verbond in ‘n onderlinge verbondenheid met mekaar moet leef. Dit word veral duidelik uit die verskillende beelde wat in die Ou en Nuwe Testament vir die kerk gebruik word. Die beelde van die kerk as liggaam, huis, wingerd, volk en kudde is maar enkele beelde wat die sterk onderlinge verbondenheid van gelowiges uitdruk. Gelowiges ontvang as kerk die seëninge van die verbond gesamentlik. Die doop is teken en seël daarvan dat die dopeling behoort aan die gemeenskap van die verbond. Die doop is daarom nie alleen ’n persoonlike aangeleentheid nie, maar is ‘n saak van die geloofsgemeenskap wat in onderlinge geloofsverbondenheid met mekaar leef (vgl Bijlsma, 1977:36).

Die kerk is nie net ‘n geloofsgemeenskap nie, maar ook ‘n liefdesgemeenskap. Liefde eis per definisie dat gelowiges op mekaar sal ag slaan. Hierdie realiteit word duidelik uit die verskeidenheid van *mekaar* tekste wat in die Nuwe Testament gevind word (Rom 15:7, Gal 6:2, Kol 3:16, 1 Tess 5:11, 1 Joh 4:7, Jak 5:16).

Hoewel verbondsopvoeding primêr die taak van die verbondsouers is, en die Skrif dit nie eksplisiet aan die kerk opdra om kinders te onderrig nie, is die implikasie van die onderlinge verbondenheid van gelowiges dat die verbondsvolk ook ‘n rol behoort te speel in verbondsonderrig. Die opdrag in Kolossense 3:16 dat gelowiges mekaar moet leer en onderrig sluit sekerlik ook kinders in. Kategese is in essensie ‘n vorm van Woordbediening, en Woordbediening word deur God aan die kerk toevertrou (Matt 16:19, 28:16-20).

3.1.2 <u>Konklusie</u>

Aangesien die verbondsvolk in ‘n onderlinge verbondenheid met mekaar leef, het die verbondsgemeenskap ‘n verantwoordelikheid met betrekking tot die onderrig van verbondskinders.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.1.2.

3.2 *Eedswering*

3.2.1 <u>Definisie</u>

Daar kan onderskei word tussen belofte-eedswering en getuienis-eedswering. Belofte-eedswering is promissories van aard en maak ondernemings wat uitgevoer sal word, terwyl getuienis-eedswering ‘n juridiese funksie het, en veral deur die staat en howe gebruik word om waarheid te bevestig (vgl Thielemann, s.a:626, De Bruyn, 1993:79). Die vraag is: watter karakter sal die voorgestelde byvoeging in die Doopsformulier hê? Is dit ‘n eed voor God, of is dit bloot ‘n onderneming teenoor

medegelowiges? Die voorstel van die beskrywingspunt, soos dit geformuleer is, kom daarop neer dat die gemeente ‘n “doelbewuste verbintenis” teenoor die ouers en doopskind voor die aangesig van God maak. God word as Getuie ingeroep dat die gemeente haar belofte teenoor die reedsgenoemde partye sal nakom. Die voorgestelde belofte kom dus neer op ‘n eed van promissoriese aard. Die feit dat die voorgestelde byvoeging in die Doopsformulier ‘n eedswering van ‘n promissoriese aard is, maak dit nie minder ernstig en bindend as ‘n eed van ‘n getuienis-aard nie.

In Matteus 5:34-37 waarsku Jesus teen die gebruik van Jode om sekere vorme van eedswering as meer bindend as ander vorme van eedswering te beskou. Elke eed is immers na sy wese en karakter ‘n aanroeping van die Naam van God ongeag watter formule gebruik word: of jy sweer by die tempel, of Jerusalem of die hemel of die aarde (vgl De Bruyn, 1994:210). Beide vorme van eedswering kom daarop neer dat God as Getuie ingeroep word vir die waarheid. Voor die Lewende en Almagtige God wat die diepste Kenner van ons harte is word verklaar dat die waarheid gepraat word.

3.2.2 Die doel van eedswering

Die eed vind sy oorsprong in die stryd teen die sonde. As daar geen sonde en leuens was nie, sou die eed nooit nodig gewees het nie. Die doel van die eed is om in ‘n wêreld vol bedrog en leuens waarheid en sekerheid te verkry (vgl De Bruyn, 1994:209, 211). Die eed sê dat daar te midde van die onvastheid van die wêreld net een vaste punt is en dit is God (De Bruyn, 1994:209). Gelowiges kan daarom nooit vrede met eedswering hê nie, omdat dit getuig van die heerskappy van die leuen wat oorwin moet word.

3.2.3 Die aanvaarbaarheid van eedswering

In die Ou Testament en Nuwe Testament word verskeie voorbeelde van eedswering gevind (vgl Gen 24:3, 22, 26:31, 31:54, 1 Sam 24:22, 23, Esra 10:5, 2 Kor 11:31, Gal 1:20, Fil 1:8, 1 Tess 2:5, 1 Tim 5:21). Daar moet egter gewaak word om nie dit wat deskriptief in die Bybel beskryf word, noodwendig as preskriptief te interpreteer nie. In die wette van die Pentateug word eedswering slegs in enkele gevalle voorgeskryf, naamlik wanneer ‘n persoon onder verdenking van diefstal of egbreuk is (Eks 22:6, Lev 5:23, 25). In Deuteronomium 6:13 en 10:20 word duidelik gemeld dat eedswering alleen in die Naam van die Here afgelê mag word. Vele voorbeelde word ook gevind waar God ‘n eed by Homself aflê (vgl Gen 22:16, Eseg 18:11). Christus het self ‘n eed afgelê in die teenwoordigheid van die Sanhedrin (Matt 26:63-64).

Hieruit kan afgelei word dat eedswering in ‘n promissoriese en juridiese sin wel geoorloof is (vgl HK 37).

3.2.4 Die eis van noodsaak

Dit blyk terselfdertyd uit Skrifgetuienis dat eedswering slegs mag plaasvind in uiterste gevalle wanneer noodsaak dit vereis. Die eed van Jefta (Rigters 11) is ‘n voorbeeld van onverskillige eedswering. In Prediker 5 word op ‘n soortgelyke wyse gewaarsku teen oorhaastige eedswerings. Die persoon wat ‘n eed aflê moet seker maak dat hy sy geloftes kan nakom (Prediker 5:3). In Matteus 5:34-37 gee Christus klaarblyklik die opdrag dat eedswering glad nie mag plaasvind nie. Dit moet egter in gedagte gehou word dat Hy hier *masjaal* gebruik om die sondige eedswering van die Fariseërs bloot te lê. Hy veroordeel nie alle eedswering nie, maar wys daarop dat ‘n eed nie afgelê mag word op dieselfde wyse as waarop die Fariseërs dit doen nie. Dit blyk ondermeer uit die feit dat Hyself ‘n eed voor die Sanhedrin afgelê het (Matt 26:64). Tog is dit duidelik dat Hy meen dat gelowiges sover moontlik van eedswering moet wegbly. Hierdie siening word in Jakobus 5:12 herhaal. HK 37 stel dat eedswering onder die volgende omstandighede mag plaasvind naamlik: as die owerheid dit vereis, as nood vereis dat trou en waarheid gedien moet word, as die eer van God en die heil van die naaste gedien word.

3.2.5 Gevolgtrekking

3.2.5.1 Eedswering vind sy oorsprong in die stryd teen sonde en is ‘n middel om die leuen te bestry. Dit kom daarom veral ter sprake in juridiese aangeleenthede. Christene behoort sover moontlik nie ede teenoor mekaar af te lê nie, omdat die waarheid in

die mond van die gelowige vas behoort te staan. Die woorde van Christus in Matteus 5:37 is besonder tersaaklik vir die onderlinge verhoudings tussen gelowiges: Laat julle 'ja' eenvoudig 'ja' wees en julle 'nee', 'nee'.

3.2.5.2 Eedswering moet voldoen aan die eis van noodsaaklikheid. Die Beskrywingspunt noem onder 1(a-d) verskeie redes waarom die voorgestelde byvoeging noodsaaklik sou wees, naamlik: dat dit tot 'n meer doelbewuste verbintenis van die gemeente kan lei, dat dit tot geloofsversterking van die ouers kan lei, dat dit tot 'n bewuswording kan lei dat die gemeente meer betrokke moet wees by die kind en dat dit die gees van individualisme kan help teenwerk. Dit is egter 'n openlike vraag of hierdie redes werklik aan die eis van noodsaaklikheid voldoen. Die motivering vir eedswering moet nie wees om 'n wet daar te stel wat gemeentelede tot groter gehoorsaamheid dwing nie. Dit is ook nie wenslik om eedswering te gebruik om as 'n aansporing vir mense te dien nie. Die vraag is: Is prediking en geloofsonderrig, instede van eedswering, nie die aangewese weg om die gemeente te herinner aan hulle taak teenoor verbondskinders nie?

Besluit: Kennis geneem van 3.2.1 tot 3.2.5.2.

3.3 *Aanbevelings*

3.3.1 Die Deputate beveel aan dat die voorgestelde versoek tot 'n byvoeging by die Doopsformulier nie deur die Sinode aanvaar word nie, aangesien die voorgestelde byvoeging nie voldoen aan die eis van noodsaaklikheid vir eedswering nie.

3.3.2 In die lig van bogenoemde aanbeveling verval die opdrag om aan Kerkrade leiding te gee oor wat die gemeente se 'te help onderrig' in die praktyk sou kon beteken". Die Sinode word verder daarop gewys dat die Deputate Jeugsorg in opdrag van Sinode 1982 nege uitvoerige studies onderneem het waarin Kerkrade leiding gegee word oor jeugsorg.

Besluit: Punt 3.1.1 en 3.3.2 word goedgekeur.

3.3.3 In die Doopsformulier voor die eerste gebed en paragraaf wat begin "Om hierdie heilige instelling...." die volgende paragraaf ingevoeg word:

"En u, geliefde gemeente, ontvang hierdie kind/kinders as deel van die verbondsvolk van God en die liggaam van Christus. Wees lief vir hierdie kind/kinders, bid vir hom/haar/hulle, en wees 'n voorbeeld van 'n lewe in Christus."

3.1 **Motivering**

Beide die aanvanklike Beskrywingspunt van die Streeksinode Noordwes en die Deputaterapport wys met oortuiging daarop dat die gedoopte kind deel is van die verbondsgemeenskap van gelowiges en dat die gemeente as verbondsgemeenskap ook 'n verantwoordelikheid het teenoor die gedoopte kinders. Alhoewel die aangewese manier om hierdie verantwoordelikheid aan te dui nie is om 'n belofte van die gemeente te vereis nie (vgl 3.3.1), is bogenoemde oproep in die Doopsformulier aan die gemeente wel 'n sinvolle wyse om die gemeente op hierdie verantwoordelikheid te wys.

So word hierdie belangrike saak wel aangespreek. In ander Formuliere soos die Bevestigingsformulier vir ouderlinge en diakens word die gemeente ook opgeroep om hulle verantwoordelikheid na te kom.

Besluit: Goedgekeur met toevoeging van NGB, art 34 as deel van die motivering en dat kerke in ekumeniese eenheid van hierdie toevoeging in kennis gestel word – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge. Die vertalings moet taalkundig versorg word veral in die lig van lang sinne wat moeilik verstaanbaar is.